# DIE GEVAL VAN MEYER DE KOCK EN DIE ONTSTAAN VAN DIE KONSENTRASIEKAMPE TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG, 1899—1902

Wie sy hand aan die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse konsentrasiekampe waag, begeef hom op die skerpte van 'n skeermes, want dît is nog net so 'n emosioneel belaaide en omstrede onderwerp as toe dit meer as sewentig jaar gelede, dwarsoor die destydse beskaafde wêreld, 'n onderwerp van bespreking was. Ten spyte daarvan dat daar al heelwat oor die kampe in die verlede gesê en geskryf is[1], is die heel belangrikste vraagstuk, nl. oor hoe hulle tot stand gekom het en wat die doel daarmee was, na my mening, nog nie ten volle en tot bevrediging uitgepluis nie. Hiermee wil ek my op die terrein waag en hoop om ietwat meer lig op die gebeure rondom die ontstaan van die konsentrasiekampe te laat val.

Tot op datum geld dr. J. C. Otto[2] se werk as die gesaghebbendste oor die konsentrasiekampe. Hy gaan van die standpunt uit dat die ontstaan van die kampe te wyte is aan die Britse leër se doelbewuste beleid om die nie-vegtende deel van die Boerebevolking leed aan te doen[3]. Dit was die beleid vanaf die eerste oomblik dat die Britse soldate die Vrystaat en later ook die Transvaal binne gegaan het, en was uitsluitlik daarop gemik om die vegtende burgers se weerstand sodanig te vermurwe dat hulle vroeër of later die stryd moes opsê. Aanvanklik is slegs huise verbrand, maar later is vroue en kinders van die plase weggeneem. Al die Britse generaals het nie oral op presies dieselfde wyse te werk gegaan nie en dit was eers in die tyd van lord Kitchener dat die beleid stelselmatig en meedoënloos uitgevoer is totdat dit in 1902 as een van die grootste oorsake vir die Boere se aanvaarding van die Britse vredesvoorwaardes gegeld het; aldus dr. Otto.[4]

Aanvanklik was daar weinig plan in die Britse optrede teenoor die nie-vegtende deel van die bevolking en het dit dus algaande 'n probleem begin word. Op 'n tydstip is etlike duisende vroue en kinders vir hulle versorging by die Boerekommando's afgelaai. In Augustus 1900 is dit egter gestaak. Op dié tydstip beveel 'n sekere Britse tydskrif die berugte Weyler-metode[5] wat enkele jare tevore met katastrofiese gevolge in Kuba toegepas is[6], by lord Roberts, die Britse bevelvoerder, aan. In plaas daarvan om die vroue en kinders in kampe te konsentreer, raai die koerant hom aan om hulle na St. Helena en Ceylon te vervoer en om die land van al sy lewensmiddele te stroop. Hierop sou Roberts glo, volgens dr. Otto[7], sodanig gereageer het dat 'n maand later, op 22 Sep-

1. Oor die konsentrasiekampe het daar tot op datum reeds verskeie akademiese werke verskyn, terwyl nog etlike nie-akademiese geskrifte reeds gepubliseer is. Dit is afgesien van die baie ander geskrifte soos dagboeke, herinneringe, verklarings en tydskrifartikels en die baie boeke wat oor die oorlog self geskryf is waarin die konsentrasiekampe as 'n onderdeel of aspek beskryf word.
2. J. C. Otto: Die Konsentrasiekampe. Kaapstad, 1954.
3. Ibid., hoofstukke 1 en 2.
4. Ibid., pp. 169-171. Sien in die verband ook die werk van M. W. Gronum: Die Engelse Oorlog 1899-1902, Die Gevegsmetodes waarmee die Boererepublieke verower is. Kaapstad, 1972, wat in hoofsaak dieselfde betoog aanvaar.
5. Otto, pp. 41-42.
6. A. M. Davey: The Reconcentrados of Cuba. Historia, jaargang 5, nr. 3, 1960.

tember 1900 om presies te wees, 'n proklamasie uitgevaardig is, wat bepaal het dat daar te Pretoria en Bloemfontein kampe opgerig word waarin Boerevlugtelinge hulle voortaan kon kom huisves. Amptelik is hulle „Vlugtelingkampe" genoem. Dr. Otto[8] beweer egter dat hulle in werklikheid konsentrasiekampe was, want haas geen van die inwoners het vir die Boere gevlug — eerder vir die Britse leër.

Oortuig daarvan dat 22 September 1900 dus die amptelike begindatum van die konsentrasiekampe is, verstrek dr. Otto vervolgens in sy boek 'n lys van kampe wat ná hierdie datum tot stand gekom het.[9] Maar vreemd genoeg, noem hy nie die Pretoriase kamp nie, wat volgens die proklamasie tog die eerste opgerig moes gewees het. In plaas daarvan noem hy die kamp te Irene wat in werklikheid eers drie maande na die proklamasie tot stand gekom het.[10] In oorlogstyd kan in drie maande baie gebeur. Dit is ook opvallend dat hy aan nie een van die ander kampe 'n besondere ontstaansdatum toeken nie waaruit 'n mens dan nie 'n beeld kan vorm oor die tempo waarteen die beleid uitgevoer is nie.[11]

Verder is dit opvallend dat dr. Otto ook geen dokumentêre gegewens verstrek oor die hoeveelheid mense wat onmiddellik na 22 September huisvesting in die kampe verkry het nie. Wanneer hy wel sodanige gegewens, tesame met klagtes oor die wyse waarop die beleid uitgevoer word, aandui, dra dit egter almal 1901-datums.[12] Dit wil dus voorkom asof weinig van hierdie kampe wel gedurende Oktober, November en vroeg Desember 1900 hulle beslag gekry het. Dit laat dus die gedagte ontstaan dat die twee kampe waarna op 22 September verwys is, in der waarheid iets anders was as die werklike bekende konsentrasiekampe van die daaropvolgende jaar. 'n Akkurater ontstaansdatum moet dus gevind word en daarmee gepaard gaande die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het.

Soek ons na 'n ander datum, blyk dit dat lord Kitchener, wat Roberts einde November as bevelvoerder opgevolg het, op 20 Desember 1900 'n proklamasie uitgevaardig het , wat bepaal dat daar voortaan in elke distrik „government laagers" opgerig gaan word waarin burgers wat wens om hulle wapens neer te lê, saam met hulle huisgesinne kan gaan woon.[13] Behalwe dat daar op die tydstip wel enkele plekke in beide die twee Boere-republieke was waar vlugteling-Boeregesinne meestal in huise gehuisves is, wil dit op die oog af lyk asof dit die amptelike aankondiging vir die aanvang van die konsentrasiekampbeleid was. As sodanig is dit dan ook deur die meeste skrywers in die verlede vertolk, maar sonder dat hulle van die gebeure wat rondom die datum afgespeel het, bewus was.[14] Daarom is dit nodig om die gebeure rondom die proklamasie verder te ondersoek.

7. Otto: Konsentrasiekampe, p. 47.
8. Ibid., p. 53.
9. Ibid., pp. 55-56.
10. J. L. Hattingh: Die Irenekonsentrasiekamp. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, deel 1, 1967, pp. 94-95.
11. Emily Hobhouse: The Brunt of the War and where it fell. London, 1902, gee 'n kaart met die jaartalle waarin die kampe gevorm is.
12. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, p. 48, verwysings 28, 29 en 30.
13. Cd. 547, p. 50.
14. Vgl. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, pp. 28-29 en G. H. L. le May: British Supremacy in South Africa 1899-1907. Oxford, 1965, p. 96. R. Kruger: Goodbye Dolly Gray. Londen, 1959, p. 390.

Saam met die gemelde proklamasie verskyn daar in dieselfde Britse blouboek[15] notules van twee vergaderings van die sogenaamde „Burger Vrede Comite" wat op 20 en 21 Desember 1900 sou plaasgevind het. Oor die „notules" kan daar inderwaarheid veel opgemerk word wat 'n studie op sigselwers regverdig. Kortliks kom dit daarop neer dat dit as vlugskrifte onder die Boere bevolking versprei is. In 'n soektog na die oorspronklike notules is niks anders as verskeie afskrifte gevind nie. Getuienis dui egter daarop dat vergaderings inderdaad plaasgevind het, maar dat dit wat as notules van die eeste byeenkoms van die Burger Vrede Comitee voorgehou word, eintlik 'n saamgestelde kort verslag is van verskillende samesprekings terwyl die tweede notule 'n blote weergawe is van wat Kitchener die B.V.C. meegedeel het — dus ook geensins 'n notule in die ware sin van die woord nie. Vir die doel van hierdie artikel sal ons egter daarna as notules verwys.

Volgens hierdie notules sou ene M. de Kock, wat voorsitter was, aan 'n aantal Boerekrygsgevangenes gesê het, dat hy meen dit 'n goeie uitwerking sal hê indien die Britse leërowerheid elke krygsgevangene in sy eie distriksdorp gevange hou. As die gedagte boonop onder die burgers op kommando bekend gemaak word, sal dit die einde van die oorlog spoedig laat aanbreek. Uit die notule wil dit voorkom dat die aanwesiges dit met die voorsitter eens was en het eenparig met hom saamgestem om so 'n voorstel aan die Britse leërowerheid voor te lê. 'n Dag later spreek Kitchener toe die „Burger Vrede Comite" toe, bedank hulle vir hulle samewerking en maak terselfdertyd dit aan hulle bekend dat hy reeds so 'n opdrag uitgereik het. Nou sal dit hulle plig wees om die nog vegtende burgers van die ware toedrag van sake in te lig sodat hulle kan kom oorgee.

Uit hierdie stukke wil dit dus voorkom asof M. de Kock eintlik vir die ontstaan van die konsentrasiekampgedagte verantwoordelik gehou moet word en dat Kitchener op die komitee se voorstel gehandel het, omdat die vergadering en die proklamasie albei dieselfde datum bevat, nl. 20 Desember 1900. Verskillende persone het dan ook in die verlede so 'n gevolgtrekking gemaak.[16]

'n Maand na die gebeure in Pretoria word Meyer de Kock deur die Boere gevang en in sy besit is eksemplare van die notules gevind.[17] Gevolglik is hy vir hoogverraad aangekla, verhoor, skuldig bevind en tereggestel. Ook beide die twee Boere-generaals wat belas was met die betrokke saak, genls. Ben Viljoen en Chris Muller, het later in hulle herinneringe beweer dat Meyer de Kock vir die ontstaan van die konsentrasiekampe verantwoordelik was.[18]

16. Bv. die werke van Le May en Kruger aangehaal hierbo, asook C. Headlam (red.): Milner Papers, vol. 2, Londen, 1931. N. Devitt: The Concentration Camps in South Africa during the Anglo-Boer War of 1899-1902, Pietermaritzburg, 1941 en G. C. Martin: The Concentration Camps 1900-1902, Facts, Figures & Fables, Kaapstad, 1957, wat albei op baie oppervlakkige navorsing berus, maak egter geen melding van hierdie gebeure nie en skryf die ontstaan van die kampe aan ander faktore toe.
17. Cd. 663, pp. 7-8.
18. B. J. Viljoen: My reminiscences of the Anglo-Boer War. Londen, 1902, p. 335, asook C. H. Muller: Oorlogsherinneringe. Kaapstad, 1936, p. 112.

15. Cd.. 547. pp. 50-53.

Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat 'n leërbevelvoerder, onmiddellik nadat 'n groep krygsgevangenes met 'n plan te voorskyn tree, sy hele krygsbeleid daarby sou aanpas. Gevolglik is daar net soveel historici wat hierdie gebeure dan ook heeltemal geïgnoreer het. Tog het dit so 'n belangrike rol gespeel dat dit meer aandag verdien. Gevolglik lyk dit dus nodig om die hele situasie rondom die vergaderings en die proklamasie van naderby te betrag en na meer helderheid in die saak te soek; asook om Meyer de Kock as persoon beter te indentifiseer.

Volgens die grafsteen van Meyer de Kock op die plaas Winterhoek naby Dullstroom, is hy op 5 Oktober 1849 gebore sodat hy ten tye van sy teregstelling een-en-vyftig jaar oud was. Die grafsteen verswyg natuurlik die geboorteplek en geen dokumente wat enigsins hierop lig kan werp, is na 'n lang soektog gevind nie. Selfs die gebruiklike raadpleging van verskillende kerkargiewe het niks opgelewer nie. In stukke wat die Britse leër van genaturaliseerde burgers opgestel het, word Harrismith as geboorteplek aangedui,[19] maar omdat ander gegewens oor De Kock hierin foutief is, word dit ook betwyfel. Waarskynlik het dit geslaan op die plek waar hy voor sy verhuising na Transvaal gewoon het.

Die oorsprong van sy enigste voornaam Meyer kan terug gevoer word na sy ouma wat 'n nooi Machteld Meyer was en met Cornelis de Kock, lid van 'n vooraanstaande Kaapse familie in 1813 getroud is. Hierdie egpaar het tien kinders gehad. Die derde — Servaas Nicolaas — se vyfde kind was Meyer de Kock. Op 29 Oktober 1874 tree hy met Anna Maria Pienaar in die huwelik en hulle het vyf kinders gehad.[20]

Oor sy jeugjare kon niks opgespoor word nie. Reeds in sy twintigerjare was hy skutmeester en later vrederegter in die distrik Harrismith.[21] Voor 1890 het hy na die Transvaal verhuis en teen 1891 was hy bestuurder van die Maggies steenkoolmyn op die plaas Vaalkrans[22] nie baie ver van die teenswoordige Witbank nie. Omdat hy as „vlug ter pen" beskou is, is hy in die jare as lid van die landkommissie van die distrik Middelburg[23] verkies en later ook as posagent op die aangrensende plaas Van Dyksdrif aangestel.

Einde 1893 het De Kock sy belange na die nuwe dorpie Belfast verskuif, waar daar op dié tydstip 'n bloeiende gemeenskap aan die ontwikkel was.[24] Om rus en orde in die steenkoolmyngebied te handhaaf, het die gemeenskap daardie jaar twee kandidate vir die resident vrederegterskap benoem.[25] Honderd en veertien inwoners versoek die

19. I.O.P. 42, Lys van geneutraliseerde burgers.
20. C. C. de Villiers: Geslagsregisters van die ou Kaapse Families. Hersien deur C. Pama, deel I, Kaapstad, 1966, p. 409. D. F. du T. Malherbe: Stamregister van die Suid-Afrikaanse Volk. Stellenbosch, 1966, p. 219. J. A. Heese: Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867. Kaapstad, 1971, p. 198 noem haar Magtilda.
21. G.S. 1887, Ede deur amptenare van die O.V.S. afgelê en G.S. 1877, lys van amptenare. (Gegewens verstrek deur die Vrystaatse Argief).
22. S.S. 3123, R 15253/91. Memorie om die posagentskap te verskuif, Van Dyksdrif, 2/9/1891. Ook Landdros-distrik Middelburg, band 60, Burgerlyste, wyk Olifantsrivier.
23. S.S. 2553, R 13794/90. Landdros Middelburg-Staatssekretaris, 4/10/1890.
24. S.S. 2553, R 198/94. M. de Kock aan Landdros Middelburg, 9/12/1893. A. P. van der Merwe: 'n Kort geskiedenis van Belfast en distrik. Stadsraad van Belfast, 1952, p. 31.
25. S.S. 3784, R8314/93, R 7209/93 en R 7345/93. Memories in verband met die Resident Vrederegterskap te Belfast.

regering dat Meyer de Kock aangestel moet word daar hy „als een gepast en bekwaam perzoon . . ." beskou word. Die blote feit dat daar 'n tweede kandidaat was, dui daarop dat nie almal in die omgewing dieselfde mening toegedaan was nie. Trouens een en twintig persone stuur 'n teenversoekskrif in waarin hulle sê, „Wij kan niet anders dan ons verklaaren tegen de perzoon en de Memories voorgesteld, West halve wij verzoeken hem niet aan te stellen, Maar een van ons lijders aan te stellen die weet wat ons onafhankelijkheid ons kosten . . ." Hulle sluit die pleidooi af met „wy Hoopen als burgers van de Z.A.R. die alles veil had voor onse onafhankelijkheid dat wij ver hoord zullen worden in dit ons Nederig en dringend verzoek."[26] By hulle het klaarblyklik genoegsame rede bestaan om die kandidatuur van Meyer de Kock te beveg; hulle versoek om liewer iemand aan te stel wat weet wat die land se onafhanklikheid beteken, is in die lig van die latere gebeure, veral veelseggend en moontlik ook profeties.

Die regering het egter met die afhandeling van die vrederegterskap gesloer. In Belfast was die gemoedere aan die oplaai. 'n Openbare vergadering[27] is vir 30 Januarie 1894 belê en verskillende sprekers het op die noodsaaklike behoefte aan so 'n amptenaar gehamer. Meyer de Kock het selfs van twee spreekbeurte gebruik gemaak en dit is geen wonder nie dat die voorsitter twee dae later hom aanbeveel as die aangewese persoon, daar hy volgens sy mening oor die vereiste bekwaamheid beskik het. Selfs die veldkornet het hieroor geensins 'n ander mening daarop nagehou nie. De Kock is egter nie aangestel nie. R. C. O'Neil, die stigter van Belfast, het die eer te beurt geval.[28]

Skaar 'n jaar later bedank O'Neil as vrederegter omdat hy as kandidaat vir die Volksraad gestaan het.[29] Alhoewel De Kock se naam in geeneen van die stukke in verband met die verkiesing van 'n opvolger voorkom nie, wil dit nog nie sê dat hy hom nie daarvoor beywer het nie. As daar een betrekking was dat hy graag sou wou verkry het, soos dit uit die volgende twee gevalle sou blyk, dan was dit juis die vrederegterskap van Belfast.

Teen Junie 1895 dien Meyer de Kock 'n klagte by die regering in oor die optredes van die nuwe vrederegter. In sy skrywe beweer hy dat hy namens die publiek van Belfast beswaar maak, maar die vrederegter verdedig homself op die aanklagte en ontken dat De Kock wel die steun van die publiek geniet. Volgens hom is „De heer de Kock een lastig perzoon en geeft my all moeite, omdat hy hard gewerkt had voor myn betrekking. Over zyn gedrag en levenswyze zou ik liever niets willen zeggen daar niets ten gunste van hom gezegd kan worden. Hy heeft geen verdienste. Zyn geheel schryven kan beschouwd worden als de uitwerking van jalousie."[30] Die meeste woorde hiervan het die vrederegter onderstreep en dit moes op die regering indruk gemaak het,

26. S.S. 3784, R 1217/93. 28/7/1893.
27. S.S. 3784, R 1654/94. Notule van openbare vergadering te Belfast.
28. Ibid. Uitvoerende Raadsbesluit, art. 188, 3/4/1894.
29. S.S. 4647, R 740/95. Bedanking van R. C. O'Neil as Resident Vrederegter, Belfast, 6/1/1895. Vgl. ook R 2006/95, 'n memorie vir O. J. Coetzee.
30. S.S. 4844, R 5767/95. M. de Kock aan Staatsekretaris, 4/6/95. Ook R 7053/95 en R 6200/95 hierby.

want alhoewel hy twee jaar later weer vir die vrederegterskap aansoek gedoen het,[31] was dit ook onsuksesvol. Andreas Coetzee was tot met die Britse besetting van Belfast in Augustus 1900 die resident-vrederegter.[32]

Intussen is Meyer de Kock se vrou oorlede en laat twee kleuters van drie en sesjaar oud na.[33] Blykbaar het die getroude dogter, Margaret von Dresselt na hulle omgesien, want toe hulle in 1901 in die Belfastse konsentrasiekamp was, is een van die kleingoed onder haar naam in die kampregister ingeskryf.[34]

Blykbaar het Meyer de Kock vir die tweede keer in die huwelik getree. Hieroor kon daar geen substansiële dokumente gevind word nie, behalwe dat die Britse leërowerheid na sy dood in 1901 reëlings getref het om mevrou De Kock na die Kaapkolonie te laat gaan,[35] terwyl genl. Viljoen ook melding maak van 'n brief wat hy aan sy vrou voor sy teregstelling sou geskryf het.[36] Die distrikskommissaris van Middelburg maak in die verband melding van 'n nooi Van de Venter wat vroeër met ene Potgieter getroud was maar verstrek geen voorname nie.[37]

In sy reeds vermelde aansoek van 1897 om as resident-vrederegter aangestel te word, spog Meyer de Kock daarmee dat hy 'n ten volle stemgeregtigde burger is wat tydens die laaste oorloë krygsdiens gedoen het. In die kommandolyste vir die Jameson-inval en die Malaboch-oorlog kom sy naam egter nie voor nie en daar bestaan geen lys vir die oorlog teen Magoeba nie.[38] Maar hy was wel in die Lydenburglaer tydens die laasgenoemde veldtog, want vandaar gee hy raad aan pres. Paul Kruger oor hoe om te werk te gaan indien hy die voorgestelde wet op 'n Ridderorde deur die burgers aanvaar wil kry. Die regering moes slegs 'n medalje aan elkeen van die burgers wat aan die Zoutpansberg-oorlog deelgeneem het, gee, dan sal dit hulle oorhaal om die wet te steun.[39] Sy voorstel het egter weinig reaksie by die regering uitgelok, maar dit bewys dat hy wel op kommando was en 'n soort opportunis boonop.

In Belfast het Meyer de Kock, volgens die stempel bo-aan sy brief aan die resident vrederegter, sy brood as vendusie-afslaer en agent vir goud- en steenkoolplase verdien, en dus nie regtig niks gedoen soos wat die vrederegter wou te kenne gee nie. Daarby was hy onder-weg-inspekteur vir die gebied tussen Klein-Olifantsrivier tot Helvetia en toe die vrederegter hom daarvoor gevra het, was hy bereid om ook markmeester te wees. Maar soos in die geval toe hy aansoek gedoen

31. S.S. 6753, R 13834/97. Meyer de Kock aan die regering, 24/9/1897.
32. A. P. van der Merwe: Geskiedenis van Belfast, p. 31.
33. Boedel 0 10226. Anna Maria de Kock, gebore Pienaar, oorlede te Belfast op 15 Augustus 1895.
34. Konsentrasiekampe, band 13, Belfast kampregister.
35. P.S.Y. 28, Telegram in H.C. 561 en P.S.Y. 10, telegram in H.C. 482.
36. B. J. Viljoen: My reminiscences, p. 337.
37. P.M.O. 13, P.M. 974. Distrikskommissaris Middelburg aan Provost Marshall, Pretoria, 22/3/1901
38. Vgl. SS. 8533, R 1196/92, en S.S. 9011 asook 5310, R 3302/96, lys van stemgeregtigde burgers, wyk Steenkampsberg, Lydenburg-distrik. Hy was wel stemgeregtigde burger. Vgl. U.R. 10, art. 95 van 1892, asook S.S. 9024, Indeks op naturalisasies. Landdrosdistrik Lydenburg 168, Lys van stemgeregtigde burgers volgens Volksraadsbesluit, art 725 van 25/6/1895.
39. S.S. 3948, R 9841/94 by R 1108/93. M. de Kock aan Staatsekretaris, 14/9/94.

het om weginspekteur vir die hele Lydenburgdistrik te word, het van die markmeesterskap ook niks gekom nie.[40]

Op die tydstip is hy wel as nie-blanke huweliksbevestiger en takseerder vir die weesheer in Oos-Transvaal aangestel.[41] Die meeste van hierdie aanstellings was egter statusbetrekkings en het, anders as in die geval van die vrederegterskap wat 'n mens R400 per jaar in die sak kon bring, weinig finansiële voordele ingehou.

Gedurende die laaste paar jaar voor die uitbreek van die oorlog, speel Meyer de Kock 'n leidende rol in die poging om vir Belfast 'n dorpsbestuur ingestel te kry. Hy was lid en sekretaris van die kommissie wat deur die inwoners aangewys is om vir die dorp regulasies op te stel.[42] Toe die regulasies aan die regering vir goedkeuring voorgelê is, was die staatsprokureur se veelseggende opmerking, „Wellicht is het misschien wat voorbarig voor Belfast om nu al een stadsraad te hebben". Die dorp het weliswaar oor 500 inwoners beskik, maar selfs Johannesburg het toe nog nie 'n stadsraad besit nie. Om Belfast egter tegemoet te kom, is 'n gesondheidskomitee aan hulle toegeken. Hierop het Meyer de Kock ook gedien.[43]

Twee voorvalle weerspieël Meyer de Kock se invloed by sy tydgenote die duidelikste. Aan die einde van 1892 het hy die inisiatief geneem om die regering op 'n swak plek by die terrein wat vir die spoorwegstasie van Belfast gekies is, te wys. Op die vergadering wat op hierdie agitasie gevolg het, is Meyer de Kock as sekretaris aangestel en hy het waarskynlik ook op die afvaardiging gedien wat die saak aan die regering moes gaan stel.[44] Die tweede keer was toe 'n vergadering[45] belê is om die gerugte dat die voorgestelde Belfastse wolfabriek dalk van perseel sal moet verwissel, te bespreek. Met so 'n verskuiwing het die gevaar bestaan dat die afvalwater die dorpswater kon besoedel en blykbaar was dit De Kock wat vir die verskuiwingsgedagte verantwoordelik was. Hy was aan die minderheidskant en gemoedere het hoog geloop. Dat dit nie maar net sommer 'n gewone vergadering was nie, kom 'n mens agter uit die voorsitter se vermaning dat die aanwesiges hulle menings op kalme en vriendelik wyse moet uiter sodat die saak op 'n behoorlike wyse toegelig kan word. Meyer de Kock het die geleentheid te baat geneem en nadat hy sy saak gestel en breedvoerig verduidelik het, was die gehoor dit met hom eens. Hulle ontevredenheid het plek gemaak vir 'n ander siening en sonder 'n enkele teenstem is De Kock se voorstel dat 'n nuwe versoekskrif ten gunste van verskuiwing aan die owerhede opgestel moes word, aanvaar.

40. S.S. 5017, R 7639/97. Meyer de Kock aan Resident Vrederegter, Belfast, 19/5/1897. S.S. 4601, R 12578/94. M. de Kock aan A. F. Jansen, landdros Lydenburg, 22/10/94. Vergelyk ook Staatsalmanak, 1899, p. 317.
41. Landdrosdistrik Lydenburg 285, asook R 7666/98 in S.S. 7267. Memorie om Meyer de Kock as taksateur aan te stel.
42. S.S. 6862, R. 16398/97. Memorie van Meyer de Kock en 31 ander aan die Resident Vrederegter, 21/7/1897 asook die notule van die vergadering op 20/8/1897.
43. Landdrosdistrik Lydenburg 285, Inkomende stukke, 132/98, 21/11/1898.
44. S.S. 3640, R 507/93 en R 10328/93. Memorie van Meyer de Kock, 15/12/1892 en notule van vergadering te Belfast, 16/8/1893.
45. S.S. 2505, R 9966/97 en R 10081/97. Memories vanuit Belfast, 15 en 16/7/1897. Ook die notule van die vergadering daarin vervat.

Omdat Meyer de Kock in die handel gestaan het, is hy met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog nie na die front gekommandeer nie, want mense wat onontbeerlike dienste gelewer het, is in ander hoedanighede gebruik. Gevolglik is hy as bevelvoerder oor die spoor- en brugoppassers van Belfast en omgewing aangestel.[46] Hierdie taak het hy veertien maande lank getrou uitgevoer.

Namate die Britse magte na die besetting van Johannesburg en Pretoria met die oostelike spoorlyn die Boerekommando's agtervolg het, het daar in Belfast 'n werklike krisistyd ontwikkel. Op 27 Augustus 1900 vind die bekende slag van Berg-en-Dal net buite die dorp plaas. Die laaste paar dae wat die Britse besetting voorafgegaan het, het die Boere-offisiere hulle hande vol gehad om al die burgers uit die dorp te ontruim.[47] Trouens, die vrederegter het vroeër al by die president probeer uitvind hoedanige behandeling agtergeblewe vroue elders van die vyand ervaar, want daar het groot onrus in die dorp geheers. Dat dit mettertyd tot 'n algemene paniek aangegroei het, is te verstane as 'n mens in gedagte hou dat 'n groot deel van die 4 000 vroue en kinders wat deur die Engelse uit Johannesburg en Pretoria gesit is, almal op hulle reis na Barberton te Belfast aan die Boere oorhandig is.[48] Die roerende tonele wat daar ten tye van hulle aankoms plaasgevind het, moes by al die toeskouers 'n diepe vrees gewek het dat dieselfde lot hulle vroeër of later ook sou tref.

Toe Belfast einde Augustus finaal in Britse hande was, het Meyer de Kock se skoonseun, Henry von Dresselt, 'n Duitser, doelbewus van die kommando weggeloop en hom aan die Engelse gaan oorgee.[49] Hy is as krygsgevangene na Pretoria gestuur en later na 'n oorsese kamp. Intussen sit Meyer de Kock sy militêre diens nog getrou voort.

Drie maande later gee De Kock ook oor.[50] Volgens 'n latere verklaring van hom het hy dit gedeeltelik gedoen omdat hy tot die besef gekom het dat sy vrou en kinders leed aangedoen gaan word. Terselfdertyd wou hy glo klagtes van diefstal en onnodige huisverbranding by die Britse offisiere gaan indien het.

Of 'n mens sonder meer hierdie verklaring moet glo, word voorwaar 'n vraagstuk. Die Britse bevelvoerder in Belfast se omgewing was op die tydstip, genl. Smith-Dorrien, en hy het in November ten aanskoue van groot en klein 'n reeks afgryslike huisverbrandings en ander verwoestings laat pleeg. In die Britse parlement is die soort van optredes as „methods

46. P.M.O. 79, P. 101. Lys van krygsgevangenes te Pretoria, asook PM 480 in P.M.O. 7. G. F. du Toit, H. D. Seun, se verklaring aan Provost Marshall, Pretoria, 4/1/1902. Vgl. ook S.S. 8440, R 8061/0/ J. F. Vermooten, Belfast aan Staatsekretaris, 8/5/1900.
47. Landdrosdistrik Lydenburg 284, Brieweboek p. 740. Resident Vrederegter, Belfast aan Staatsekretaris, 7/6/1900. Landdrosdistrik Lydenburg 283, telegram van Staatspresident aan Resident Vrederegter, Belfast, 29/6/1900. Sien ook Leydsargief 734 vir omskrywe van Kommandant-Generaal( 2/8/1900.
48. Vgl. B. J. Viljoen: My reminiscences, pp. 178-9 en J. C. Otto: Konsentrasie kampe, p. 37.
49. P.M.O. 7, P.M. 480. G. F. du Toit, H.D. seun, se verklaring en Provost Marshall, Belfast aan Provost Marshall, Pretoria, 4/1/1902.
50. P.M.O. 23, P.M. 1612. Byvoegsel C. verklaring van De Kock en P 101, P.M.O. 79, Lys van krygsgevangenes te Pretoria.

of barbarism" beskryf,[51] maar die offisier na wie Meyer de Kock in Pretoria gestuur is, was die hoof van die militêre inligtingsdiens, kol. D. Henderson.[52] 'n Mens sou verwag dat klagtes van die aard by die miltêre goewerneur, genl. J. G. Maxwell, of die provost marshall aanhangig gemaak moes word. In die vyf dae wat hierop volg, word die gemelde vergaderings gehou en verskyn Kitchener se proklamasie wat die konsentrasiekampbeleid aangekondig het.[53]

Uit die voorgaande het ons dus Meyer de Kock leer ken as 'n man ryp in jare en met 'n wye ervaring. Hy het klaarblyklik die vermoë besit om leiding te kon gee, om die belangrikste aspekte van 'n saak raak te sien, dit aan sy medemens mee te deel en hulle te oortuig. Dit het hy tog by meer as een geleentheid al gedoen. Hy het nie vreemd teenoor sy republikeinse owerheid gestaan nie en het 'n lewendige belangstelling in plaaslike en ook landsake gehad.[54] Die feit dat hy deur die owerheid vir sekere dienste as geskik geag is, bewys hulle vertroue in hom. Met die uitsondering van die resident-vrederegterskap wat hy graag sou wou beklee het, maar nooit gekry het nie,[55] kon niks verder opgespoor word wat kon veroorsaak dat hy 'n onwillige deelnemer aan die oorlogspoging sou wees nie. Dit kan wel wees dat die vernielsug wat die Britse leër geopenbaar het, by hom persoonlik of dalk by sy vrou en kinders, die gedagte laat posvat het om liewer oor te gee. Dit is egter betekenisvol dat 'n groepie mense hom 'n aantal jare voor die oorlog reeds met die land se veiligheid geassosieer het. 'n Mens moet egter ook waak teen oorbeklemtoning van 'n enkele geïsoleerde geval.

Soos dit uit sy eerste vrou se boedel[56] wil voorkom, was hy nie 'n arm man nie, maar ook nie juis besonder welgesteld nie. Deur die aard van sy ampte, o.a. landskommissielid, posagent, vendusie-afslaer, grondwaardeerder, huweliksbeevstiger, het hy beslis met alle lae van die bevolking in aanraking gekom. Nie alleen het dit hom 'n bekende figuur oor 'n redelik uitgestrekte gebied gemaak nie, maar dit het hom ook goeie mensekennis verskaf. In alle opsigte was hy 'n man van aansien en gesag — 'n man om na te luister.

Maar dit bring ons by die vraag of Kitchener, bevelvoerder van die Britse leër, wel na Meyer de Kock geluister het en of hy maar net pragtig in Kitchener se hande gespeel het. Of, was Meyer de Kock om die bos gelei met die verwagting dat hy vrygestel sou word as hy gewilliglik 'n gedagte aan mede-krygsgevangenes sou oordra en hulle menings peil. Om die aspek beter te begryp is dit nodig om kortliks ook die posisie waarin Kitchener hom op die tydstip bevind het, toe te lig.

---

51. Vgl. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, pp. 23, 25 en 26 asook G. H. L. le May: British Supremacy, pp. 94-110.
52. Meyer de Kock se verklaring in P.M.O. 23, P.M. 1612, byvoegsel C.
53. Cd. 547, p. 50. Journal of the Principal events connected with South Africa, part 7, London, War Office, 1901. 21/12/1900.
54. Meyer de Kock het op die verkiesingskomitee van Middelburgdistrik gedien wat hom beywer het om genl. P. J. Joubert as president verkies te kry. Land en Volk, 20/10/1892.
55. Gedurende die oorlog was daar sprake om Meyer de Kock as plaasvervanger vir die Resident Vrederegter aan te stel, maar hiervan het ook niks gekom nie. S.S. 8310, R 371/00. Waarnemende landdros van Lydenburg aan Staatsprokureur. 19/1/1900.
56. Boedel 0 10226. A. M. de Kock.

Toe die oorlog in 1899 uitgebreek het, was dit 'n algemene Britse opvatting dat die oorlog binne 'n paar maande afgehandel sou wees. Van die staanspoor af het sake vir Brittanje egter skeef geloop en toe hulle in Desember 1899 drie gevoelige nederlae by Magersfontein, Stormberg en Colenso gely het, is besluit om die aanvoerders te verander. Die 68-jarige lord Roberts het om die aanstelling gevra, maar sy ouderdom was 'n struikelblok,[57] nl. dat lord Kitchener, wat 20 jaar jonger was, hom as tweede in bevel sou vergesel. Kitchener het op daardie tydstip juis groot roem in die Soedan verwerf. As hoof van die staf, wat heeltemal 'n nuwe pos in die Britse leër was, sou hy Roberts die nodige onderskraging kon bied. Kitchener kon dus verwag om onder die omstandighede voortdurend in Roberts se skaduwee te beweeg. In Suid-Afrika was daar alreeds offisiere wat persoonlik hoër range as hy beklee[58] het en om jaloesie te voorkom, kon hy ook verwag dat hy selde die geleentheid sou kry om self bevel te kon voer. Met ander woorde, hy sou meestal minder belangrike werk moes verrig, of in moeilike situasies dalk die kastaiings uit die vuur moet krap. Uit die beskikbare biografieë kon ek egter nie genoegsame getuienis vind om 'n ware insig in Kitchener se innerlike gemoedstoestand ten tye van sy aanstelling te verkry nie, maar beide sy biograwe is dit eens dat hy beslis nie hart en siel in sy nuwe taak was nie.[59] "Nobody was more anxious than Kitchener to set an early term to a war for which in truth he never had much appetite . . ."[60] Hulle gee voor dat hy eintlik in die loop van die oorlog met die War Office oorhoops geraak het, maar uit hulle aanhalings uit sy briewe aan vriende in Engeland is dit duidelik dat iets hom tog êrens geskaaf het. ". . . it is quite impossible to calculate on anything in this army . . . people here do not seem to look upon the war sufficiently seriously. It is considered too much like a game of polo, with intervals for afternoon tea."[61]

Kitchener se werklike groot oomblik het kort na hulle aankoms in Suid-Afrika op 18 Februarie 1900 aangebreek toe genl. Piet Cronjé langs die Modderrivier omsingel is. Roberts het op die kritieke tydstip 'n dag of wat olik gevoel en die bevel aan Kitchener opgedra. Die Britse leër het tot op die tydstip nog net terugslae ervaar en om Cronjé met 5 000 man tot oorgawe te kon dwing, sou aan Kitchener onsterflike roem beteken het. Nooit weer sou in die oorlog so 'n geleentheid hom voordoen nie. Gevolglik het Kitchener ook alles in die stryd gewerp.[62] Sy vyand was egter gedugter as wat hy gedink het. Daar het op daardie dag 'n bloedige geveg plaasgevind en teen die aand is selfs sommige van Kitchener se bevele deur onder-offisiere en manskappe verontagsaam toe hulle die voorste stellings verlaat het. Die waarheid was dat ook die beroemde Kitchener soos almal voor hom, gefaal het. Dit was inder-

57. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1. London, 1920, pp. 264-6 en P. Magnus: Kitchener; portrait of an imperialist. London, 1958, p. 158.
58. P. Magnus: Kitchener, p. 164.
59. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, p. 303 en 321.
60. P. Magnus: Kitchener, p. 173.
61. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, pp. 302-3 en P. Magnus: Kitchener, pp. 160-162.
62. Die werk van J. L. Basson: Die Slag van Paardeberg, Ongepubliseerde M.A. verhandeling, U.P., 1971 behandel die veldslag in besonderheid.

daad sy eerste geveg met 'n beskaafde vyand wat ook oor moderne wapens beskik het. Maar nooit van te vore en nooit weer daarna, het Kitchener in sy hele militêre loopbaan, so 'n mislukking beleef en uit eie kring soveel kritiek ervaar nie.[63] Selfs drie jaar later het hy dit nog nodig geag om sy optrede by Paardeberg te verdedig.[64] Meer as 'n duisend Britse soldate het in die slag geval en daardie aand was daar geen teken dat Cronjé sou oorgee nie. Trouens die moontlikheid dat genl. De Wet hom sou kon red was baie wesentliker gewees.[65]

Lord Roberts het die volgende dag die bevel oorgeneem. Kitchener is elders heen gestuur wat die gerugte dat Roberts hom vir sy flaters verkwalik het, eerder momentum gegee het as om dit te smoor.[66] Nadat hy vir nog nege dae beleër is, het genl. Cronjé aan Roberts oorgegee.[67] Dit was dus Roberts wat die eer te beurt geval het om Cronjé se oorgawe agter sy naam te kon skryf, terwyl Kitchener, op die tydstip in die Suid-Vrystaat, nie eers die oomblik van triomf aanskou het nie.[68] Dit val moeilik om te glo dat Kitchener oor die gebeure geen emosie kon nahou soos sy biograwe wil te kenne gee nie. Tog erken hulle dat Kitchener hierna gedink het om Suid-Afrika te verlaat; selfs om sy sabel en pet op te hang.[69]

Alhoewel eers Bloemfontein en later beide Johannesburg en Pretoria maklik in Britse hande geval het, het dié suksesse vir Kitchener weinig persoonlike roem en eer ingehou. Hierdie toedrag van sake moes hom op die lange duur irriteer. Die wending moes om en by September gekom het toe Roberts ook Transvaal geannekseer het. Die Britse regering het Roberts geglo toe hy die oorlog as afgehandel beskou het.[70] Die opruimingswerk moes deur Kitchener gedoen word terwyl Roberts na Engeland terug gekeer het om as oorwinnaar sy beloning te gaan ontvang. Die Britse regering se gedagte was nou om, sodra Kitchener elke Boer weer terug op sy plaas het, hom by Roberts in Engeland te voeg sodat hulle twee die Britse leer kon moderniseer.[71]

Hiervoor het Kitchener klaarblyklik nie lus gehad nie. Om die een of ander rede het hy 'n broertjie dood aan administratiewe werk en die blote gedagte daaraan het hom al laat rebelleer. Dit was sy hartsbegeerte om so gou moontlik uit Suid-Afrika te kom. Enigiets anders sou goed wees, net nie Engeland toe nie. By voorkeur moes dit Indië wees, want op dié tydstip was die bevelvoerderskap daar juis vakant en hy het die minister van oorlogsake gesoebat om hom daar aan te stel.[72] Om sy kanse op die Indiese bevelvoerderskap te verstewig, het hy selfs Hindoestani begin aanleer.[73] Dit was nie al nie. Teen Desember was

63. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, pp. 280-1 en 285-6 en P. Magnus: Kitchener, pp. 264-6. J. L. Basson: Die Slag van Paardeberg, pp. 167-171.
64. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, p. 287 en P. Magnus: Kitchener, p. 165.
65. J. L. Basson: Die Slag van Paardeberg, pp. 104-109.
66. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, p. 305.
67. D. James: Lord Roberts. London, 1954, pp. 292-5.
68. P. Magnus: Kitchener, p. 171.
69. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, p. 303 en P. Magnus: Kitchener, p. 170 en 173.
70. D. James: Lord Roberts, pp. 342-344 en 359.
71. P. Magnus: Kitchener, p. 174.
72. P. Magnus, pp. 173-5. Vgl. ook G. H. L. le May: British Supremacy, p. 95.
73. P. Magnus: Kitchener. p. 183.

hy in drukke korrespondensie met verskeie vriende in Engeland wat hulle invloed by die kabinet gebruik het. Eers teen Maart 1901 is hy tevrede gestel toe hy tegemoet gekom is met die reëling dat die waarnemende bevelvoerder in Indië slegs tydelik die betrekking vir nog 'n jaar sou vul. Hoe erg hierdie kwessie Kitchener se gemoedstoestand beïnvloed het, blyk uit 'n brief wat hy op 5 November 1900 geskryf het. Hierin het hy gedreig om uit die leër te bedank as hy nie sy sin kon kry nie.[74]

Op 28 November 1900 het Kitchener by Roberts die bevel toe oorgeneem. Op dié tydstip het de Boere na 'n tydelike insinking en enkele skommelinge in hulle geledere weer met hernude krag die oorlog voortgesit. Terwyl dit nog algemeen geglo is dat die oorlog reeds verby is, het die Boere weer etlike groot oorwinnings behaal. Was dit nie vir 'n oorvol Oranjerivier nie, het genl. De Wet daarin geslaag om die Kaapkolonie in te val. Tydens sy rit om De Wet te stuit, het Kitchener 'n skrywe van die Britse oorlogsminister ontvang waarin dit na berekening in Engeland blyk dat hy met nog net 8,000 Boere te doen het, terwyl die Britse leër op die stadium uit 230,000 man bestaan en die onkostes beloop R5 miljoen per maand. Die boodskap was duidelik, besnoei of toon resultate. „This letter, with its ominous announcement of a shortage at home in men and money, was scarcely exhilarating reading for a man who was just taking up weighty and complex responsibilities."[75] Die gerusstelling dat daar darem nog die vloot is om op terug te val, kon hom weinig gemoedsrus verskaf het.

Ná die Britse verkiesing in Oktober, wat uitgeskryf is toe Roberts die oorlog as afgehandel voorgehou het, sou die parlement weer in Desember byeenkom en die feit dat die oorlog toe nog voortduur, sou dus 'n baie netelige besprekingspunt wees waaroor die opposisie lastige vrae aan die Britse regering kon stel. In Suid-Afrika moes daar iets drasties gebeur om verdere verleentheid vir die Britse regering te voorkom. Ongeduld het dan ook duidelik geblyk uit die skrywes op die tydstip aan Kitchener en lord Milner, die Hoë Kommissaris en goewerneur van Transvaal en Oranjerivierkolonies.

Lord Milner het op die stadium soos 'n bruid wat gretig is om haar nuwe huis te betrek, in Kaapstad die tyd afgewag om na Transvaal te gaan. Hy wou bitter graag intussen sy bediendes, die voormalige Uitlanders, na Johannesburg bring sodat hulle die goudmyne solank aan die gang kon kry. Teen Desember kon hy dus ook nie sy geduld meer verbloem nie. „I am quite willing to lie low and let my administratorship be a farce, until the country is pacified, if there is only progress in that direction", skryf hy aan lady Edward Cecil. Hy gee aan haar te kenne dat hy nie weet wat Kitchener eintlik aanvang nie, want „Kitchener is absolutely autocratic . . . But I don't mind that, if he will only end the war",[76] en hy onderstreep die laaste deel van sy sin.

Die druk om die oorlog te beëindig het dus van uit alle oorde gekom

74. P. Magnus, p. 174.
75. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 1, pp. 231-2.
76. C. Headlam (red.): Milner Papers, vol. 2, p. 179. Milner aan Lady Edward Cecil, 27/12/1900.

en ons kan aanneem dat as Milner verskeie privaat skrywes in die verband ontvang het,[77] dieselfde met Kitchener die geval was. Meer nog, toe die minister van kolonies, Joseph Chamberlain, op 7 Desember aan Milner telegrafeer[78] dat enige metode om die oorlog te beëindig aangewend moes word en dit drie dae later opvolg met 'n sterker bewoorde telegram, was dit so goed soos 'n stamp in die rug. Dit is die Britse regering se ernstige wens, skryf Chamberlain, „that every possible means should be tried to induce leaders of guerilla bands which remain to surrender, and to stop fruitless expenditure of life and money".[79] Die metodes hoef nie noodwendig suiwer militêr te wees nie, maar enigiets wat die doel kan bereik. Wat van voorwaardes aan die leiers, stel hy voor, of „to find emissaries possessing influence with those leaders who would convey our offer?" Hiervoor was Milner nie baie opgewonde nie en Roberts was dit met hom eens.[80]

Kitchener is egter die enigste wat die swye bewaar het. Sedert hy die bewind oorgeneem het, het hy 'n eie beleid probeer volg. Huisverbranding waarmee Roberts hom soveel argwaan op die hals gehaal het, het hy probeer staak.[81] Vir die burgerlike bevolking wat as gevolg van die huisverbranding reddeloos gelaat is ,het hy 'n voorgeskrewe rantsoenskaal gebied.[82] Huisvesting in die dorpe en stede was egter vinnig besig om 'n netelige probleem te word.[83]

Op hierdie kritieke stadium kom Kitchener en Meyer de Kock dus bymekaar. Uit die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof elkeen in 'n besondere gemoedstoestand was: Kitchener, sterk onder die indruk van die noosaaklikheid om die orlog nou eens en vir altyd te beëindig, want sy regering raak ongeduldig, Indië wag, Milner wag, die leër raak uitgeput[84] en slaag hy daarin om vrede te behaal, kan hy ten minste dit tot sy krediet toon. Meyer de Kock weer, was bevrees dat sy gesin, wat 'n harde lewe nie geken het nie, ongerief en leed aangedoen sal word.[85] Noudat hy in Engelse hande is, kan hy soos sy skoonseun uit die land gestuur word en dus sy gesin geen beskerming bied nie. Kitchener en De Kock was dit dus eens dat die oorlog 'n punt bereik het waar dit vir niemand meer voordelig is om daarmee voort te gaan nie. Met wapengeweld sal die Boere die vyand nie meer uit die land verdryf nie en met wapens alleen kan die Engelse die Boere ook nie verslaan nie. Hulp van vreemde moondhede is niks meer as 'n hoop nie en duisende krygsgevangenes sit nutteloos in vreemde lande ver van huis en haard

77. Milner Papers, p. 181, Chamberlain aan Milner, 22/12/1900 en p. 186, Lord Haldane aan Milner, 22/12/1900.
78. W.O. 32/882, A. 382, Leêr 8960, Miscellaneous suggestions re peace, C-in-C. 4274. Chamberlain aan Milner, 7/12/1900 en 10/12/1900.
79. C.O. 879/70, S.A. 663, no. 287, Chamberlain aan Milner. 10/12/1900.
80. C.O. 879/70, S.A. 663, no. 292, Milner aan Chamberlain, 12/12/1900.
81. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, p. 28.
82. M. G. P. Annexure A, Omsendbrief van Maxwell, 1/2/1900 en Cd. 819, pp. 20-21.
83. M.G.P. 133, MGP 15093/01, Maxwell aan Milner, 13/11/1901.
84. Verskeie koloniale eenhede is deur Roberts al ontbind. D. James: Lord Roberts, p. 359.
85. P.M.O. 70, PM 1612. Byvoegsel C. Meyer de Kock se verklaring en brief aan die regering, 4/2/1901.

die eensame ure en verwyl. Die tyd dat iets gedoen moet word, het aangebreek.[86]

Wat presies tydens die ontmoeting tussen die twee gesê is, sal ons na alle waarskynlikheid nooit weet nie, aangesien daar blykbaar geen notule van gehou is nie. Uit Meyer de Kock se latere weergawe wil dit egter voorkom asof Kitchener die leiding geneem het. „Now I ask you and your fellow prisoners" sou hy aan De Kock gesê het, „to be of assistance to me in restoring peace, I wish to employ every means to prevent further bloodshed and destruction, I know it will be taken as a sign of weakness, but this I can bear but God help the Transvaal if my endeavours for peace have not effect and that I have to turn over a new leaf" en Meyer de Kock het tydens sy verhoor aan die hof vertel dat hy kon sien Kitchener bedoel wat hy sê. Daarom het hy van De Kock en sy mede-burgers voorstelle ingewag oor hoe hy vrede kon verkry. „But, . . . beware Transvaal if I have to take other means," was sy herhaalde dreigement.[87]

As ons Meyer de Kock se weergawe van die gebeure wil glo, dan lyk dit asof Kitchener hom onder die indruk laat verkeer het, dat as hy en sy mede-krygsgevangenes met 'n wel-oorwoë mening oor hoe die Boere se kragte doeltreffend verswak kan word, na vore tree, hy Meyer de Kock daarvoor sou beloon. Dit kon hy natuurlik nie tydens sy verhoor aan die hof gesê het nie, maar later het sy agtergeblewe gesinslede wel gewag gemaak van die feit dat Kitchener aan hom 'n belofte sou gemaak het, sonder dat die aard daarvan heeltemal duidelik word.[88]

Drie dae later beweer Meyer de Kock sy verslag in. „I trust I have fulfilled my promise to Lord Kitchener", skryf hy aan die Provost Marshall asof sy taak daarmee afgehandel is.[89] Die verslag bevat vyf voorstelle hoe om die oorlog te beëindig. Dit kom daarop neer dat krygsgevangenes na hulle eie distrikte gestuur moet word; dat 'n groep gekeurde manne proklamasies onder die Boere moet versprei; en dat vooraanstaande manne 'n komitee vorm om 'n inligtingstuk aan die Boere in die veld op te stel wat die proklamasie moet vergesel.

In die lig van die latere gebeure behoort ons egter daarop te let dat in hierdie voorstelle, asook by die vergaderings wat Meyer de Kock gehou het,[90] daar nooit enige sprake was om vroue en kinders in kampe te plaas nie. Dat dit wel twee dae later in die proklamasie van 20 Desember vervat word en eintlik die kerngedagte daarvan uitmaak, moet dus by 'n ander bron gesoek word.

Kitchener het gedurende Desember uit verskeie ander oorde ook voorstelle ontvang oor hoe om 'n einde aan die oorlog te bring. So het vier „hensoppers" uit Heidelberg voorgestel dat elke krygsgevangene toegelaat moes word om na sy plaas terug te keer of beter beskerming

86. Vgl. Kitchener se toespraak aan die Burger Vrede Comite op 21/12/1900. Cd. 547, pp. 50-52 asook M.G.P. 206, MGP C/62/00 en Meyer de Kock se verklaring, byvoegsel C P.M.O. 23, PM 1612.

87. Volgens De Kock se verklaring, byvoegsel C P.M.O. 23, PM 1612.

88. P.M.O. 7, PM 480. Mev. Von Desselt aan Provost Marshall, 19/2/02.

89. P.M.O. 70, P29, Meyer de Kock aan Provost Marshall, 18/2/1900.

90. Cd. 547, pp. 50-52 en M.G.P. 206, MGP C/62/00.

moet aan hulle huisgesinne verleen word.[91] Maar hierdie brief het Pretoria bereik nadat die proklamasie al uitgevaardig was.

As Kitchener egter die krygsgevangenes na hulle plase terug sou stuur, sou hy 'n growwe flater begaan, want Roberts het vroeër die jaar met die binnekom van die Vrystaat en Transvaal wel so 'n beleid probeer volg toe hy persone wat bereid was om wapens neer te lê, toegelaat het om 'n eed van neutraliteit af te lê.[92] Die plan het aanvanklik in die Vrystaat en Wes-Transvaal skitterend gewerk, maar die Boereleiers het sulke wapenneerlêers weer tot die kommando's teruggedwing en die Engelse was nie in staat om dit te verhoed nie.[93] Gevolglik is wapenneerlêers, wat nog onder die indruk was dat as hulle kom oorgee, hulle na hul plase sou kon terugkeer, dikwels as krygsgevangenes uit die land gestuur. Gerugte oor hierdie wending het mettertyd die kommando's bereik[94] en gevolglik menige voornemende wapenneerlêer die moed ontneem om tot so 'n stap oor te gaan uit vrees dat hy die land uitgestuur sou word. Kitchener was dus ontvanklik vir enige gedagte wat sou meebring dat die Boere se weerstand in duie stort.

Toe die weduwee van genl. Piet Joubert vroeër genader is om 'n brief aan genl. Louis Botha te skryf met die doel om hom oor te haal tot 'n vredesluiting, het sy die Britse woordvoerder verseker dat dit niks sal help nie. As hulle wil hê die Boere moet oorgee, moet krygsgevangenekampe binne die Transvaalse grense opgerig word sodat die burgers kan sien dat hulle die land nie uitgestuur sal word nie.[95] Maar ook hier was vroue en kinders in kampe nie ter sprake nie, slegs krygsgevangenes.

Dit is dus duidelik dat Kitchener telkens aangeraai is om krygsgevangenes binne Transvaal aan te hou,[96] maar niemand van Boerekant het vroue en kinders hieraan gekoppel nie. Waarom sou hy dan kampe oorweeg het waarin die mens met hulle huisgesinne kon gaan woon?

'n Paar dae voordat Kitchener vir Meyer de Kock ontmoet het, skryf hy aan Roberts: „The women question is always cropping up, and is most difficult; there is no doubt the women are keeping up the war, and are far more bitter than the men".[97] Maar as hy werklik van mening was dat hulle die oorsaak is dat die mans met die oorlog voortgaan, waarom besluit hy dan om die mans en vroue in kampe

91. M.G.P. 55, MGP 7967/00. P. Groesbeek en 3 ander aan kapt. J. M. Vallentin, Distrikskommissaries van Heidelberg, 19/12/1900.
92. Proklamasie 1, Februarie 1900 en proklamasies 1 en 2 van 1900, 31/5/1900 en 6/6/1900, C. 426, pp. 2 en 7-9.
93. M.G.P. 205, MGP C/15/00. Vertroulike omsendbrief van Roberts, 25/8/1900. D. James: Lord Roberts, pp. 334 en 337. Buitengewone Staats Courant, Machadodorp, Proklamasie aan offisiere, burgers en amptenare, 9/6/1900 in Leydsargief 734.
94. „Goewerments kennisgewing", uitgereik deur Staatsekretaris F. W. Reitz, 5/9/1900 asook ongedateerde stukke wat deur die Staatsdrukkery te velde, Machadodorp, onder die burgers versprei is. Leydsargief 734. Vgl. ook die geval van J. S. v.d. Walt wat toegelaat is om alles in Pretoria te sien sodat hy genl. J. H. de la Rey se bewerings kon gaan weerlê. P.M.O. 5, PM 379, 26/10/1900.
95. R. K. Loveday aan Maxwell en Maxwell se kladantwoord hierop, 18 en 21/10/1900 in M.G.P. 205, MGP C/31/00.
96. D. Kriel, A. Cronje en P. F. Zeederberg het dit op 24/12/1900 ook weer gedoen sonder om na vrouens en kinders te verwys, M.G.P. 55, HGP 8016/00.
97. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 2, p. 12 en P. Magnus: Kitchener, p. 180.

saam te voeg? Daar sou die vroue dan eers die geleentheid vind om hulle mans aan te spoor.

Teenoor sy owerheid het hy sy proklamasie probeer regverdig met die bewering dat elke plaas 'n voorraaddepot en 'n inligtingspos vir die Boere is.[98] Aan sy offisiere[99] het hy in 'n vertroulike memorandum gesê dit is nodig om die guerilla-bendes se uithouvermoë uit te put, want almal op die plase gee óf vrywilliglik óf word deur die Boere gedwing om die kommando's van voedsel te voorsien. Vanuit 'n humanitêre oogpunt gesien, moet hy die vroue verwyder omdat naturelle hulle glo molesteer. Dit is óók deur vooraanstaande lede van die vyand aanbeveel, en blykbaar sinspeel hy hier op die burgers wat hy en Meyer de Kock toegespreek het.

Behalwe laasgenoemde rede bevat elkeen van Kitchener se redes 'n element van waarheid en is dan ook deur historici in 'n mindere of meerdere mate as 'n regverdiging en oorsaak vir die totstandbringing van die kampe beskou.[100] Dit verskaf tog immers humanitêre sowel as militêre redes. Dog 'n mens kan ook redeneer, en dit is wat eintlik gebeur het, dat Kitchener met hierdie redes sy werklike oogmerk wou verdoesel. In skrywes aan die minister vir oorlog en aan Roberts kom sy eintlike bedoeling na vore, nl. „to induce burghers to leave the commandos and surrender", sodat hulle nie verder weerstand sal bied nie.[101] Om hierdie doel te kan bereik en aan te help, het hy aan sy offisiere opdrag gegee om onderskeid te tref tussen die mense wat vrywillig na die kampe kom en diegene wat gevange daarheen geneem moet word. Eersgenoemdes moes ten opsigte van huisvesting voorkeur kry bo diegene wie se mans, vaders en seuns nog op kommando was.[102] Ten opsigte van voedsel het daar alreeds 'n onderskeid tussen lojales en dislojales bestaan.

Kitchener se skema[103] het dus die volgende behels: Die burgers wat hy op 21 Desember toegespreek het, moes afskrifte van sy proklamasie, sy toespraak aan hulle en die notule van Meyer de Kock se vergadering onder die kommando's gaan versprei. In Pretoria word 'n sentrale liggaam, bekend as die Sentrale Burger Vrede Comite met takke elders, in die lewe geroep en gewillige lede moes onderneem om Kitchener se gedagtes verder te propageer. Die burgers op kommando moes oor die ware toedrag van sake ingelig word, want, en dit was 'n belangrike kwessie, hulle offisiere weerhou dit van hulle, naamlik dat 16,000 Boere reeds krygsgevangenes is, dat daar geen hoop op inmenging van 'n

---

98. FK 1621, Kitchener Letters, 1 Kitchener aan Lt. J. Brodrick minister vir Oorlog 20/12/1900.
99. 'n Vertroulike memorandum van Kitchener aan sekere offisiere oor hoe sy proklamasie t.o.v. diegene wat kom oorgee toegepas moet word, 21/12/1900 in P. 29, P.M.O. 70 en L. S. Amery (red.): The Times History of the War in South Africa, vol. v, pp. 86-88.
100. N. Devitt: The Concentration Camps, pp. 15-19 en G. C. Martin: Concentration Camps, p. 6.
101. FK 1621, Kitchener Letters, 1, Kitchener aan Brodrick, 20/12/1900 en G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 2, p. 15, Kitchener aan Roberts, 3/1/1901. Vgl. ook G. H. L. le May: British Supremacy, pp. 96-97.
102. Vertroulike memorandum, 21/12/1900 in P.M.O. 70, P 29.
103. Die lêer P 29 in P.M.O. 70 staan bekend as „Kitchener's Scheme" en bevat die meeste van die dokumente i.v.m. die B.V.C. se werksaamhede.

vreemde moondheid bestaan nie, dat voortsetting van die oorlog ruïnerend vir die hele land is en dat die Engelse 'n progressiewer regering as dié van Paul Kruger sal instel. Die burgers wat voortaan oorgee, sal met hulle gesinne, vee en eiendom in die nuwe „government laagers" kan kom woon. Maar terselfdertyd laat hy hulle baie duidelik verstaan dat as die skema blyk suksesvol te wees, dit uitgebrei sal word. Slaag dit egter nie, het hy veel harder metodes tot sy beskikking om vrede te gewerkstellig, 'n dreigement wat dikwels in hierdie stukke aangetref word.

Hieruit is dit dus duidelik dat hierdie agente van die B.V.C. inderdaad hulle mede-burgers van die kommando's moes gaan afrokkel. Toe sekere persone oor die metode beswaar gemaak het en iets eerbaarder aan die hand gedoen het, is hulle versoek botweg geweier en hulle uitdruklik beveel om te hou by dit wat Kitchener beveel het.[104]

Aan sekere offisiere het hy 'n vertroulike aanduiding[105] gegee oor hoe hulle die nuwe beleid moes uitvoer. Hulle moes alle mans, vroue en kinders asook die naturelle op die plase wegneem en in kampe langs die spoorlyn huisves. Die metode is alreeds op beperkte wyse toegepas en blyk suksesvol te wees, sê hy. Om sy beleid darem 'n militêre kleur te gee, verstrek hy die reeds genoemde redes en verdoesel daarmee sy ware oogmerk aan sy offisiere wat almal geharde militariste was. Enige ondergeskikte staan tog krities teenoor 'n nuwe hoof en Kitchener sou nie wou sien dat hulle dink hy tree te sagkens teenoor die vyand op nie.

Eers 'n week nadat hy sy skema geloods het, lig hy Milner slegs kortliks in.[106] Milner het hom van sy steun verseker[107] maar aan ander[108] sy vrees uitgespreek dat Kitchener, om sy doel te bereik, dalk meer gaan beloof as wat hy werklik sal kon nakom.

Meyer de Kock het op die tydstip op die agtergrond geraak en is op parool vrygelaat om na Belfast te gaan waar hy 'n plaaslike tak van die B.V.C. tot stand moes bring.[109] In Pretoria het die leiding van die B.V.C. in die hande van enkele vooraanstaande Afrikaners geraak wat as leiers aan die wêreld voorgehou kon word. Genl. Andries Cronjé — nie te verwar met genl. Piet Cronjé wat by Paardekop gevange geneem is nie — en Volksraadslid H. P. J. van Rensburg, wat spesiaal vanaf 'n Kaapstadse krygsgevangenekamp opgestuur is om hand te kom bysit en veldkornet P. F. Zeederberg, wat die sekretaris geword het,

104. MG.P. 206, MGP C/62/00, Maxwell aan Kitchener, 30/12/1900 en Kitchener se antwoord hierop by dieselfde stukke, 31/12/1900. Vgl. ook die onderhoud wat Kriel, Cronje en Zeederberg met Henderson gevoer het in P.M.O. 70, P. 29, 26/12/1900.
105. Vertroulike memorandum, 21/12/1900 in P.M.O. 70, P 29.
106. CO 879/70, S.A. 664 no. 176, byl. 1, Kitchener aan Milner, 27/12/1900. Op 24/12/1900 het Milner vir die eerste keer iets van Kitchener se planne verneem toe die „Political Secretary" aan hom getelgrafeer het om H. P. J. van Rensburg na Pretoria te stuur 1/31/12, HC 27.
107. C.O. 879/70, S.A. 664, no. 176, byl. 2, Milner aan Kitchener, 29/12/1900. Cd. 547, p. 28. Milner aan Chamberlain, 12/1/1901.
108. W.O. 32/860, A362, Leêr 4995, Milner aan Chamberlain, 30/1/1901 en W.O. 32/860, A362, Lêer 5445, Milner aan Assistent-Sekretaris van Transvaal, 6/2/1901. C. Headlam: Milner Papers, vol. 2, p. 179. Milner aan Lady Edward Cecil, 27/12/1900.
109. Meyer de Kock se verklaring, byvoegsel C in P.M.O. 23, PM 1612.

tesame met nog ander het die organisasie verder voortgesit.[110] Op 28 Desember is sowat 30 gekeurde krygsgevangenes wat hulle bereidwillig verklaar het, op parool geplaas om die sogenaamde notules van Meyer de Kock en Kitchener se vergaderings as vlugskrifte onder die burgers op kommando te versprei en om met hulle te probeer kontak maak ten einde hulle tot oorgawe te oorreed.[111]

In Krugersdorp[112] en in die distrik Vrede in die Vrystaat,[113] weet ons, het daar vergaderinge onder hierdie agente se leiding plaasgevind. 'n Soortgelyke komitee onder leiding van genl. Piet de Wet, die broer van genl. C. R. de Wet, en etlike ander vooraanstaandes uit die Vrystaat is te Kroonstad tot stand gebring.[114] Onder Milner se vleuels het hulle hul aandag aan die inwoners van die Kaapkolonie gewei. Milner was daarvan oortuig dat die simpatie wat van die Kaapse Afrikaners gekom het die Boere in Transvaal en Vrystaat in hulle hardkoppige stryd laat volhard het. Ook onder krygsgevangenes wat reeds oorsee aangehou is of wat nog op pad was daarheen, het ook Burger Vrede Comitees tot stand gekom.[115] Hulle is aangemoedig om die Boere in die veld met versoekskrifte te nader om tog liewer die oorlog te staak. 'n Grootskaalse propagandaveldtog is dus van stapel gestuur.

'n Mens voel geneig om te dink dat Kitchener met hierdie oënskynlike ondersteuning van sy poging optimisties moes gevoel het. Dit was hy dan inderdaad ook. Voortaan is daar weekliks, afgesien van die gewone opname van hoeveel Boere gedood en gewond word, noukeurig deur die inligtingsdiens verslag gedoen oor hoeveel Boere self oorgee en hoeveel gevang word.[116] Trouens, dit het vorentoe die maatstaf geword waarvolgens hy sy algemene militêre vordering gemeet het — selfs tot diep in 1901 in.[117]

Maar namate die tyd verloop het, het daar berigte ingekom dat verskeie afgesante van die Burger Vrede Comite deur die Boerekommando's gevange geneem is.[118] Gerugte wou dat genl. Christiaan de Wet een gevangene met die sambok bygekom het en 'n tweede sonder verhoor, doogeskiet het. In die Transvaal is etlike persone gevange geneem, soos byvoorbeeld W. J. Steyn wat op pad was na Vantondersnek om sy gesin te gaan haal,[119] Swaine by Oshoek en D. C. Joubert en C. E.

110. Vergelyk die stukke in MGP C/62/00, M.G.P. 206 en MGP 1271/01, M.P.G. 67, H. P. van Rensburg se verslag oor B.V.C. aan die militêre goewerneur, 28/1/1901
111. P.M.O. 70, P 29.
112. M.G.P. 73, MGP 2053/01, 19/1/1901.
113. M.G.P. 206, MGP C/62/00. Genl. Wynne aan D.M.I., Pretoria, 15/1/1901.
114. W.O. 32/882, A382, Lêer 8960. Milner aan Chamberlain, 13/2/1901 en Cd. 547, pp. 63-64. Vlugskrifte en koerantuitknipsels in BGP C/62/00, M.G.P. 206.
115. CO 879/70, S.A. 664, no. 115, Ongedateerd. Konsepskema om krygsgevangenes te indoktrineer. Ook CO 879/70, S.A. 664, no. 247, bylaag 1, 27/1/1901. Krygsgevangenes op die skip Kildonan Castle aan Milner. W.O. 32/882, A. 382, Lêer 8960. Kommandant, Durban aan Kitchener, 22/1/1901.
116. M.G.P. 289, MGP 8258/01. Lyste van Boere-ongevalle.
117. FK 1622, Kitchener Letters, Kitchener aan Brodrick, 9/5/1901. P. Magnus: Kitchener, p. 177.
118. Telegramme in M.G.P. 206, MGP C/62/00 asook Cd. 663 pp. 13-14.
119. M.G.P. 206, MGP C/62/00, Genl. Wynne, Standerton aan D.M.I., Pretoria.

Fourie wat albei R1 000 of 5 jaar gevangenestraf met harde arbeid gevonnis is.[120]

Op 22 Januarie 1901 is ook Meyer de Kock deur die brandwagte van genl. Ben Viljoen gevange geneem. In sy besit was stukke van die B.V.C., plus 'n brief wat hy namens die Belfast-tak van die B.V.C. aan sy veldkornet geskryf het.[121] Hy is onmiddellik na Roossenekal gestuur waar 'n spesiale militêre hof[122] was wat dié soort sake aangehoor het. Enkele dae later (29 Januarie 1901) is Meyer de Kock verhoor en die hof het na rype beraadslaging die doodstraf oor hom uitgespreek omdat hulle hom aan hoogverraad skuldig bevind het. Die Kock het om versagting gepleit[123] en die hof het dit ook by die regering aanbeveel as sou hy 'n blote werktuig en slagoffer van 'n Engelse set wees. Die waarnemende staatspresident, Schalk Burger, en die Uitvoerende Raad het die vonnis egter bekragtig en genl. Ben Viljoen beveel om die straf uit te voer.[124]

Twaalf dae na die hofsaak kom Meyer de Kock vir die voltrekking daarvan by Viljoen se laer aan. Hy is die geleentheid gegun om 'n brief aan sy vrou en die Britse militêre owerheid te rig en op Dinsdag-oggend 12 Februarie bring genl. C. H. Muller vir ds. J. M. Louw na De Kock[125] om die paar uur voor die teregstelling by hom te vertoef. Op daardie tydstip is genl. Muller na die gevegsterrein weggeroep wat beteken dat nie een van die twee generaals die teregstelling die middag kon bywoon nie — iets waaroor hulle blykbaar baie verlig gevoel het. So 'n gebeurtenis het immers nie dikwels onder die Boere plaasgevind nie. Genl. Muller vertel later in sy herinneringe: „Meyer de Kock was 'n waardige vooruitstrewende en beminde man van goeie familie . . ."[126]

R. W. Schikkerling[127] wat 'n burger in genl. Viljoen se kommando was, gee egter vir ons in sy kommandodagboek 'n beskrywing van die teregstelling. Hy begin met die samestelling van die vuurpeleton. „Waar daar geen strenge militêre reëls bestaan nie, en sake meestal aan die vrye wil van die burgers oorgelaat word, is dit bra moeilik om een van jou manne met so 'n aak te belas. Charles (Theron) deel ons mee dat hy 'n kêrel in sy seksie het wat moontlik nie sal teenskop nie. Ons tref hierdie man aan waar hy besig is om kaart te speel in die lig van 'n vuurstomp en verklaar hom bereid om die opdrag uit te voer, aangesien hy besef dat dit sy plig is, voeg hy by. Ons is dankbaar om van die taak ontslae te wees."

120. Landdrosdistriw Middelburg 75, Spesiale Militure Notule, Okt. 1900 — Jan. 1901.
121. A. Kuit: Kommandoprediker. Kaapstad. 1948, pp. 43-44. B. J. Viljoen: My reminiscences, pp. 335-336. C. H. Muller: Oorlogsherinneringe, pp. 112-113.
122. Landdrosdistrik Middelburg 75, Spesiale Militêrehof Notule, Okt. 1900— Jan. 1901. Die bylaes waarna in die hofnotule verwys word, ontbreek, maar Engelse vertalings is in P.M.O. 23, PM 1612 te vinde.
123. P.M.O. 23, PM 1612. Meyer de Kock aan die waarnemende staatspresident, 31/1/1901.
124. Landdrosdistrik Middelburg 75, Hofnotule.
125. B. J. Viljoen: My reminiscences, pp. 336-7. C. H. Muller: Oorlogsherinneringe, p. 113.
126. C. H. Muller: Oorlogsherinneringe, p. 113.
127. R. W. Schikkerling: Hoe ry die Boere; 'n Kommando-dagboek. Johannesburg, 1964, p. 135.

Oor die teregstelling self, skryf Schikkerling,[128] „Meyer de Kock (is) gister,[129] terwyl ons met die vyand doenig was, in ooreenstemming met ons Krygswet formeel tereggestel . . . Hy het verkies om die halfmyl van die Polisielaer te stap, liewer as om in die kar te ry. Daar het hy by sy oop graf saam met ds. Louw gebid. Sy stem het nie gebewe en sy spiere ook nie geruk nie. Geblinddoek het hy op die rand van die oop graf gestaan soos iemand wat 'n skare wou toespreek. Tien man met gewere,[130] party met loskruit gelaai, het voor hom stelling ingeneem. Toe hulle die gewere lig het hy sy arms opgetel en sy hande op sy heupe laat rus om die dood in te wag. Ons artillerieluitenant,[131] aan wie alle sake toevertrou is wat militêre vertoon vereis, het die bevel gegee: Vuur! Agt gewere het soos een geknal, met die ander twee 'n breuk van 'n sekonde later. Meyer de Kock het half bolmakisie geslaan en op sy gesig neergestort in sy graf. Sekondes later nadat vasgestel is is dat hy dood is, is sy liggaam, nog warm. toegegooi. Dis aaklig om te sien hoedat grond op hierdie manier regstreeks opgehoop word op 'n dooie man se gesig. Die grond sommer so op die liggaam is 'n beklemmende gedagte.

„Ene Van der Walt van die plaaslike wag murmureer daaroor dat sulke goeie skoene, wat hy baie nodig het, begrawe moet word saam met 'n tereggestelde man."[132]

Ds. Louw teken die aand in sy klein sakdagboekie[133] in 'n baie fyn skrif kortliks aan: „5.40 re den Hr M. de Kock gordijn gevallen".

Maar ds. Louw was verkeerd — die gordyn het nou eers werklik oopgegaan. Die teregstelling van Meyer de Kock het, behalwe vir die nadraai wat dit vir sy huismense persoonlik gehad het,[134] 'n veel erger merk in ons geskiedenis nagelaat. Die Engelse het wel eers 'n paar dae later van De Kock se bediende, wat saam met hom gevange geneem was en toe ontsnap het,[135] die nuus van sy teregstelling verneem,[136] maar teen die einde van Januarie het dit al vir Kitchener begin duidelik word dat daar onder die Boere nog geen teken van 'n dramatiese algemene

128. Hoe ry die Boere, pp. 140-141.
129. Ten tye van die teregstelling was hy ook op die slagveld, maar die volgende dag is die verhaal aan hom vertel en blykbaar eers 'n dag later opgeteken. Daarom kom die verhaal in sy dagboek onder 14 Febr. 1901 voor.
130. B. J. Viljoen: My reminiscences, p. 338 beweer die vuurpeleton het uit 12 man bestaan terwyl C. H. Muller: Oorlogsherinnering, p. 113 van 8 praat, vier met kruit. Volgens die doktersertifikaat het 3 koeëls Meyer de Kock getref. P.M.O. 23, PM 1612. Dr. Menning, 19/2/1901. Cd. 663, p. 8.
131. Volgens J. H Munnik van die Johanesburgse Polisie is die vonnis deur veldk. J. J. Pienaar voltrek. P.M.O. 23, PM 1612.
132. R. W. Schikkerling: Hoe ry die Boere, pp. 140-141.
133. A. Kuit: Kommandoprediker, p. 44. Die oorspronklike dagboekie is in die Transvaalse Argiefbewaarplek te vinde.
134. Mev. De Kock het aansoek gedoen om na haar familie in die Kaapkolonie te gaan. P.M.O. 13, PM 974, Distrikskommissaris, Middelburg aan P.M., Pretoria, 22/3/1901. Sy dogter, mev. Margaret L. C. von Dresselt het met haar 3 kinders en een van haar broertjies in Belfast se konsentrasiekamp agtergebly. Konsentrasiekampe 13, Belfast se kampregister. Later het mev. Von Dresselt aansoek gedoen dat haar man van die krygsgevangenekamp op Ceylon teruggestuur moet word op grond van Kitchener se belofte aan haar vader. Kitchener het haar versoek by die Britse Regering aanbeveel. P.M.O. 7, PM 480, 19/2/1902 en 25/4/1902.
135. B. J. Viljoen: My reminiscenes, p. 334-5.
136. M.G.P. 73, MGP 2053/01. Henderson aan Maxwell, 18/2/1901.

oorgawe te bespeur is nie.[137] Vir 'n geruime tyd reeds het Milner sy bedenkinge oor die resultate gehad en die B.V.C. as sodanig as 'n mislukking beskou.[138] Die Boereleiers se houvas op hulle kommando's was nog te stewig.

Op 8 Februarie, vier dae voor De Kock se teregstelling, herhaal Kitchener vir die soveelste keer aan die minister vir oorlog dat daar nog geen teken van toegee by die Boere te bespeur is nie en dit raak nou hoog tyd om iets daaraan te doen. Veronderstel hulle dring aan op hulle onafhanklikheid, wat van 'n proklamasie dat hulle as „outlaws" beskou kan word met gepaard gaande konfiskasie van al hulle eiendomme,[139] wou hy van die minister weet. Klaarblyklik het die minister nie met hom saamgestem nie, want so 'n proklamasie het net nie verskyn nie. Op dié tydstip het hy dus nog oor „more active operations which I begin next Sunday" en wat 'n beter effek behoort te hê,[140] gehuiwer. Met die oënskynlike afkeuring van sy konfiskasieplan het hy 'n alternatief in werking gestel wat daarmee eintlik gelyk sou staan — net in 'n ander vorm.

Van nader beskou, het die volgende gebeur. Behalwe dat daar op verskeie plekke kerns van toekomstige kampe bestaan het,[141] het Kitchener hoofsaaklik drie kampe in Transvaal na sy proklamasie van 20 Desember 1900 in die lewe geroep, nl. Irene, Belfast en Middelburg.[142] Vir dié doel is 100 tente vir elkeen bestel. Irene het eintlik die oorskotbevolking van Pretoria geabsorbeer.[143] Om sy offisiere intussen nie ongeduldig te laat raak nie en om die Boere andersyds te intimideer en terselfdertyd die hand van die B.V.C.-agente te sterk, het hy intussen op beperkte wyse mense van die plase teen hulle sin na die nuwe kampe begin verwyder.[144]

Kitchener kon geredeneer het, as die kampe eers gevestig is, sou hulle as bykomende oorredingsmiddel vir ontevrede Boere op kommando geld en die vrees dat as hulle oorgee hulle oorsee gestuur word sodoende die kop inslaan. Kitchener het klaarblyklik groot verwagtinge van die B.V.C. as 'n onderneming gekoester en gevolglik moes hulle mislukking vir hom uiters teleurstellend gewees het.[145] Toe dit dus in

137. Vergelyk sy weeklikse briewe aan Brodrick in FK 1621 en 1622, Kitchener Letters.
138. Cd. 547, p. 63. Milner aan Chamberlain, 13/2/1901. C. Headlam: Milner Papers, vol. 2, p. 184. Milner aan Chamberlain, 17/1/1901. In sy amptelike verslag wat hy op versoek van Chamberlain opgestel het, gee hy egter 'n rooskleurige weergawe. Ibid. p. 197, 6/2/1901.
139. FK 6121, Kitchener Letters, 8/2/1901.
140. Ibid., 25/1/1901.
141. M.G.P. 206, M.G.P. C/62/00. Maxwell aan militêre goewerneur, Johannesburg. Vgl. ook J. C. Otto: Konsentrasiekampe, pp. 43-56.
142. P.M.O. 70, P 29. Telegramme i.v.m. tente vir Belfast, Middelburg en Irenekampe.
143. M.G.P. 242, MGP 1553, 8/12/1900. Maxwell aan Kitchener. P.M.O. PM 27. Ongeïdentifiseerde nota, 18/2/1900 oor die oprigting van Irenekamp, voorlopig vir minder as 250 mense. Vgl. ook J. L. Hattingh: Irenekonsentrasiekamp, p. 123-124.
144. Vertroulike memorandum, 21/12/1900, P.M.O. 70, P 29 en M.G.P. 67, MGP 1324/01, Kitchener se opdrag aan offisiere, 1/1/1901.
145. FK 1621, Kitchener Letters, Kitchener aan Brodrick, 20/12/1900, 4/1/1901, 18/1/1901. 25/1/1901, 28/2/1902, 7/3/1901. G. Arthur: Life of Lord Kitchener, vol. 2, p. 18.

Februarie vir hom duidelik geword het dat die Boereleiers 'n stewige greep op die gewone burgers het en hulle nie sou toelaat om vryelik te gaan oorgee nie,[146] het hy besluit om die skroef stywer aan te draai. Teen die tyd dat hy en genl. Louis Botha mekaar by Middelburg einde Februarie ontmoet het, was sy konsentrasiekampbeleid alreeds goed op pad om vorm aan te neem. Teen Maart het hy dit met meedoënlose deeglikheid tot uitvoer gebring. Mense het van toe af daagliks in hulle honderdtalle by die kampe opgedaag.[147] Omdat die leër reeds te veel hooi op sy vurk gehad het, is reëlings met Milner getref dat die kampe onder burgerlike administrasie geplaas word.[148] Vanaf Maart het dit ook geskied en is nuwe reëlings ten opsigte van die voedselrantsoene getref. Die vroeëre onderskeid wat moes dien om mense na die kampe te lok, was toe nie meer nodig nie en is gevolglik in Maart 1901 afgeskaf.[149]

Joseph Chamberlain, die minister vir kolonies, se gedagte dat die stuur van vredesgesante na die vyand die oorlog spoediger sou laat eindig, het dus misluk. Ten spyte daarvan dat beide Milner en Roberts die doeltreffendheid hiervan betwyfel het, het Kitchener in Meyer de Kock 'n moontlike middel tot die uitvoering van die gedagte gesien. Die oomblik was ryp daarvoor. Gevolglik is 'n skema uitgewerk en aan die gang gesit wat minstens tot die dood van Meyer de Kock gelei het.[150] Die verwagtinge wat gekoester is, is nie bewaarheid en die alternatiewe metode, nl. die van konsentrasiekampe, het katastrofiese gevolge vir Suid-Afrika meegebring.

As 'n mens hierdie gebeure in perspektief probeer sien, dan kan jy nie anders as om dit as 'n keerpunt in die verloop van die oorlog te beskou nie. Dat daar al van die begin van die oorlog af Boere was wat by tye gevoel het dis beter om hulle lot maar aan die Engelse kant in te werp, is in die geval van Meyer de Kock tot 'n punt gedryf. Daar is voortdurend van sulke Boere se kragte gebruik gemaak, op hulle samewerking gesteun en erger nog: hierdie verskynsel is doelbewus aangewakker en tot sy uiterste toe beproef. Nie net is hierdie verdeeldheid in Afrikanergeledere geaksentueer nie, maar eintlik dieper oopgekloof totdat dit gelei het tot verbitterde bittereinders, volharders, getroue burgers, wat hulle self as die eintlike en ware Afrikaners beskou het en aan die anderkant die sogenaamde hensoppers, oorlopers, verraaiers en uitgestotenes.

By die gebeure rondom Meyer de Kock en die Burger Vrede Comite het dit alles nie geëindig nie. Die verdere verloop van die oorlog en die lotgevalle van die mense wat in die kampe te lande gekom het, het gedien om hierdie reeds bestaande gaping 'n skeur te maak en dit feitlik

146. CO 879/70, S.A. 664, no. 176, byl. 1. Kitchener aan Milner, 27/12/1900. Cd. 547, p. 28. Milner aan Chamberlain, 12/1/1901.
147. Vgl. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, pp. 57-58 en J. L. Hattingh: Irene-konsentrasiekamp, pp. 101, 123-124.
148. CO 879/70, S.A. 664, no. 208, Byl. 1, 19/1/1901. Maxwell aan Milner.
149. Cd. 819, p. 21. Nuwe rantsoenskaal. Vgl. J. C. Otto: Konsentrasiekampe, pp. 83-84.
150. In die Vrystaat is 'n lid van die Kroonstadse B.V.C. deur die Boere doodgeskiet, maar sover vasgestel, was Meyer de Kock die enigste in Transvaal. Ander B.V.C.-lede wat gevang is, het tronkstraf of boetes ontvang. Landdrosdistrik Middelburg 75, Spesiale Militêrehofnotule.

te verewig al het dit in ons tyd 'n ander gedaante aangeneem. Die verskillende behandelinge wat die twee groepe van die Britse owerheid in die kampe ontvang het, het die verbittering ingeskerp en meer as drie geslagte is al verby en die gevoelens is nog steeds teer.

Meyer de Kock het tydens sy verhoor aan die hof gesê, hy het slegs 'n spoedige en eerbare vrede probeer verkry wat volgens sy beskeie mening tot voordeel van al die vroue, kinders en die hele land sou wees.[151] Nog hy, nog die hof, nog die regering wat sy straf bekragtig het, kon kwalik op daardie tydstip voorsien wat sy dood vir die toekoms kon inhou. Volgens hulle siening en waarskynlik verteenwoordigend van die grootste deel van die Afrikaner-bevolking op daardie tydstip, was die straf en die beslissing die korrekste[152] en sou dit almal se goedkeuring weggedra het. As die oorlog as gevolg van sy optrede óf die bemoeiinge van die B.V.C. in Januarie, Februarie of selfs Maart 1901 tot 'n einde gekom het, sou dit slegs die Britse aansien in die oë van die wêreld bevoordeel het. Dan sou die wêreld die Boer as 'n goeie stellingvegter wat besonder akkuraat kon skiet, maar andersins 'n weghardloper en 'n lafaard is, beskou het. Weliswaar sou dit 'n aantal menselewens en eiendomme gespaar het. Die feit dat die oorlog vir nog 'n jaar voortgesit is, en dit teen 'n allemintige oormag, het die Boerevolk 'n ware heldevoorkoms van byna bomenslike uithouvermoë gegee.

Afvalliges was daar gewees. Diesulkes kom egter te alle tye onder alle volke voor. Maar al het die Afrikaners die oorlog uiteindelik verloor, was dit die wye waarop dit geskied het en die prys wat dit geëis het, wat die erfgename van dié helde-geslag met trots op hulle prestasie kan laat terugkyk. Min ander volke sou so 'n toets onder sulke omstandighede so eerbaar geslaag het. Die betekenis van Meyer de Kock en daarby ook die van die B.V.C. wat later oorgegaan het in die National Scouts, was dat die Boere-offisiere hulle houvas op die kommandolede bly behou het en dus indirek die oorwinning van die Afrikaner-leiers vir die selfbehoud en eer van die Afrikaner as 'n eiesoortige nasionaliteit in Suid-Afrika bevestig het.

J. L. Hattingh.

---

151. Staat vs. Meyer de Kock, 29/1/1901. Landdrosdistrik Middelburg 75, Spesiale Militêrehofnotule.

152. Die uitspraak was in ooreenstemming met die wette van die Z.A.R. wat, alhoewel uit hulle hoofstad verdryf, nog effektief gefungeer het en wettiglik oor die bevoegdheid beskik het om so 'n saak te mag verhoor. Die Britse anneksasie van Transvaal was op die tydstip nog teenstrydig met volkeregtelike gebruik en het Meyer de Kock dus nie van sy burgerskap en trou aan die Z.A.R. onthef nie. Nadat die betrokke hofstukke in Britse hande beland het, is die Britse regsadviseur genader oor die vraag of die landdros wat tydens die verhoor voorsitter was, nie vir Meyer de Kock se dood veantwoordelik gehou kan word nie, aangesien De Kock ook Britse dokumente, gerig aan die Boeregeneraals, ten tye van sy gevangeneming in sy besit gehad het. Die regsadviseur se mening was dat alles volgens wet geskied het en daar dus geen grond vir vervolging bestaan nie. Vgl. South African War. 1899-1902, Confidential Telegrams 12/10/1899 — 1/10/1902, nos. 527 en 528, p. 274. Brodrick aan Kitchener 15/4/1901 en Kitchener aan Brodrick, 16/4/1901. FK 1622, Kitchener Letters, Kitchener aan Brodrick, 28/6/1901. Journal of Principal Events, part 10, 25/6/1901.